Ekurhuleni-Noord Distrik

# AFRIKAANS HUISTAAL

**VRAESTEL 3**

**GRAAD 12**

**AUGUSTUS 2022**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**PUNTE: 100** **TYD: 3 UUR**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** afdelings:
   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste (2 x 25) (50)

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. Gebruik 'n breinkaart/diagram/ vloeidiagram/ kernwoorde, ens.), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en daarna netjies deurgehaal word.

7. Daar word aanbeveel dat jy jou tyd soos volg bestee:
   - AFDELING A: ongeveer 90 minute
   - AFDELING B: ongeveer 90 (2 x 45) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10 Skryf netjies en leesbaar in BLOU ink.

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye**

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n opstel van 400-450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 Ek het my koud geskrik! [50]

1.2 Skryf 'n opstel wat met die onderstaande paragraaf afsluit. Jy moet dié slotparagraaf in jou antwoordblad oorskryf. Voorsien jou opstel van 'n gepaste titel.

*Ja, so gaan dit met ons dromers. Dis 'n lewe van hoogtes en dieptes, hoop en nóg 'n keer hoop. Maar ek wil nie anders wees nie. Sonder drome sterf 'n mens.* [50]

1.3 Eendag op 'n Maandag [50]

1.4 2011 ... 2022 [50]

1.5 Kinders moet gesien en nie gehoor word nie. [50]

1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6.1, 1.6.2 OF 1.6.3) en skryf jou eie titel neer.

1.6.1




[Bron: www.netwerk24.com] [50]

1.6.2



[Bron: Google images] [50]

1.6.3



[Bron: Google images] [50]

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen.
Skryf die nommer en titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Julle het 'n noue ontkoming in die wildtuin gehad toe 'n trop olifante hulle om julle motor kom tuismaak het.
Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan 'n vriend/vriendin waarin jy hom/haar daarvan vertel. [25]

2.2 **FORMELE E-POS**

*SUKSES* bied beurse aan vir matrikulante wat na skool verder wil studeer.
Skryf 'n E-POS aan die besturende direkteur van *SUKSES* waarin jy om die beurs aansoek doen.
Gee jou persoonlike besonderhede wat by hierdie brief pas, noem jou akademiese prestasie(s) en gee redes waarom jy dink dat jy hierdie beurs behoort te kry.

Trek die onderstaande formaat in jou antwoordblad oor en skryf jou e-pos.

FORMAAT

| | |
|---|---|
| Aan | |
| AA | |
| Onder werp | |
| | |

[25]

2.3 **RESENSIE**

Jou skool se kafeteria is onder nuwe bestuur. Skryf 'n resensie vir die skoolkoerant waarin jy fokus op alles wat nuut en anders is. [25]

## 2.4 AGENDA EN NOTULE VAN 'N VERGADERING

Die sosiale komitee in jou kompleks hou 'n vergadering om die jaar met 'n braai af te sluit. Jy is die sekretaris/sekretaresse van die komitee.
Gebruik die agenda hieronder en skryf die NOTULE van die vergadering. Skryf slegs die opskrif van die notule en daardie deel van die notule wat oor **nuwe** sake (4.1 tot 4.6) handel. [25]

**Agenda van die vergadering van die sosiale komitee wat op 30 November 2022 om 18:00 in die klubhuis gehou sal word.**

**AGENDA**

1. Opening en verwelkoming
2. Bywoning en verskonings
3. Spesiale aankondigings
4. Nuwe sake
   4.1 Datum, tyd en plek
   4.2 Musiek
   4.3 Vleis en bygeregte
   4.4 Braaigeriewe
   4.5 Begroting
   4.6 Skoonmaakreëlings
5. Datum vir volgende vergadering
6. Afsluiting

## 2.5 TOESPRAAK

Skryf 'n toespraak waarin jy die Graad 12-leerlinge motiveer om alles in die stryd te werp vir die laaste eksamen van die jaar. Dit is die laaste geleentheid om hulle op die eksamen voor te berei.

Skryf die TOESPRAAK om aan hulle te verduidelik dat hul uitslae hul gaan help om die skool se naam hoog te hou. [25]

## 2.6 DIALOOG

Jy was 'n getuie waar leerders tydens die eksamen oneerlik was. Jy voer 'n gesprek met die graadvoog hieroor.
Skryf die gesprek in DIALOOGVORM neer. [30]

**TOTAAL AFDELING B:** **[50]**
**GROOTTOTAAL :** **100**